| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: CA&R 89/2009
Saak Aangehoor: 08/06/2009
Datum gelewer: 26/06/2009

**In die saak tussen:**

| | |
|---|---|
| Herman Josias Louw | 1ste Appellant |
| Barend Joseph Hayes Potgieter | 2de Appellant |
| Willem Paulus Johannes Stander | 3de Appellant |
| Andries Myburg | 4de Appellant |
| De Wet Jacobs | 5de Appellant |

en

| | |
|---|---|
| Die Staat | Respondent |

**Coram: Williams R et Henriques WnR**

## UITSPRAAK OP APPÉL

**Henriques WnR:**

1. In hierdie appèl kom die eerste appellant in hoër beroep teen beide sy skuldigbevinding en vonnis wat hom opgelê is en die tweede tot vyfde appellante kom in hoër beroep slegs teen hul skuldigbevindings.

**AGTERGROND**

2. Die appellante het as medebeskuldigdes terreggestaan in die streekhof te Springbok op die volgende klagtes:

Aanklag 1: Aanranding met die opset om ernstig te beseer ten aansien van Maxim Strauss;

Aanklag 2: Aanranding met die opset om ernstig te beseer ten aansien van Vaughn Lee Vollmer;

Aanklag 3: Opsetlike Saakbeskadiging.

3. Alhoewel al die appellante onskuldig gepleit het, is hulle as volg skuldig bevind: op aanklag een is appellante drie en vyf skuldig bevind; op aanklag twee is appellante een, twee en vier skuldig bevind. Op aanklag drie is al die appellante onskuldig bevind.

3. Die eerste appellant is gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf, waarvan 12 maande opgeskort is vir 5 jaar. Die tweede tot vyfde appellante is gevonnis tot 6 maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is vir 5 jaar.

**GRONDE VAN APPEL TEEN DIE SKULDIGBEVINDINGS**

4. Die gronde van appél waarop die appellante teen die skuldigbevinding steun, is as volg. Dat die Streeklanddros ‘n mistasting begaan het:

4.1 *"Deur te bevind dat die Staat sy saak bo redelike twyfel bewys het en in die proses te bevind dat alle Staatsgetuies geloofwaardig was en dat hulle nie mekaar in enige wesenlike opsigte weerspreek het nie.*

4.2. *Deur te bevind dat die afwyking van veral Maxim Strauss, Vaughn Lee Vollmer en Levina Faber se getuienis van dit wat hulle in hulle verklarings aan die polisie gesê het, nie wesenlik van aard was nie.*

4.3. *Deur te bevind dat die feit dat Maxim Strauss, Vaughn Lee Vollmer en Levina Faber al drie hulle getuienis aangepas het sodat dit basies dieselfde is terwyl hulle verklarings aan die polisie heeltemal anders was, nie te beskou as samespanning oor wat getuig moet word nie.*

4.4. *Deur te bevind dat die beskuldigdes se weergawe nie redelik moontlik waar kan wees nie en dat hulle getuienis inderdaad leunagtig was.*

4.5. *Deur te bevind dat daar geen verband was tussen die eerste voorval tussen hulle en die klaers wat naby Spar plaasgevind het en die voorval by Aggenbach se garage waar die beweerde aanrandings plaasgevind het nie.*

4.6. *Deur die Staat se weergawe te aanvaar ten koste van die weergawe van die beskuldigdes*."

**<u>DIE EERSTE APPELLANT SE GRONDE VAN APPEL TEEN SY VONNIS</u>**

5. Die eerste appellant se gronde waarop hy steun teen die vonnis hom opgelê is die volgende:

5.1.“*Sy het die persoonlike omstandighede en die buitengewone omstandighede wat tot die misdryf gelei het, nie behoorlik in ag geneem nie, maar die gemeenskapsbelang (by wie ingesluit is die twee klaers se belang) oorbeklemtoon ten koste van die Eerste Appellant ofskoon dit duidelik was dat die klaers, of dan in elk geval die klaer, Vaughn Lee Vollmer, die Hof nie met skoon hande genader het nie en inderdaad die konflik veroorsaak het.*

5.2.*Deur nie in ag te neem dat die vorige oortreding deur die Eerste Appellant redelik lank gelede gepleeg is en veral nie in ag te neem dat die vorige oortreding rehabiliterend ingewerk het op die Eerste Appellant deurdat hy nie enige misdryf binne die opskortingstydperk van sy vorige vonnis gepleeg het nie.*

5.3.*Deur, ofskoon sy erkenning gegee het dat eerste appellant ‘n besigheid het wat hy moet bedryf, voortgegaan het om hom ‘n vonnis op te lê waardeur hy vir 6 maande nie na sy besigheidsbelange kan omsien en sy besigheid kan bedryf nie.*

5.4.*Deur na te laat om ‘n ander vorm van straf wat meer realisties is en nie so hewig as direkte gevangenisstraf is, te oorweeg nie.*

5.5.*Dat die vonnis met inagneming van alle omstandighede skokkend onvanpas is.*”

6. Die pleitverduidelikings van die onderskeie appellante was soos volg. Die eerste appellant het erken dat hy Vollmer geklap het, die tweede appellant dui aan dat hy self niks gedoen het nie, die

derde appellant het erken dat hy Strauss weggetrap het, die vierde appellant het erken dat hy in Strauss vasgehardloop het en die vyfde appellant erken dat hy Vollmer geklap het.

7. Tydens die verhoor het net die tweede, derde en vyfde appellante getuig en die eerste en vierde appellante het geen getuienis aangebied nie.

8. Beide Mnr Nel, wat namens die appellant verskyn het en Mnr Barnard, wat namens die staat verskyn het, het volledige hoofde ingedien. Albei die hoofde handel met die getuienis wat aangebied was. Vir doeleindes van hierdie uitspraak is dit nie nodig om dit te herhaal nie.

**SKULDIGBEVINDINGS**

9. Tydens sy betoog aan die Hof het Mnr Nel toegegee dat hy nie gaan argumenteer dat die skuldigbevindings soseer tersyde gestel moet word nie.

10. Die enigste geskilpunt wat die hof moet beoordeel is of die skuldigbevindings aan aanranding gewoon of aanranding met die opset om ernstig te beseer moes gewees het. Die vonnisse wat opgelê is sal dan ook afhangende die bevinding heroorweeg word.

11. Hy het ons verwys na bladsy 19 van sy hoofde vir sy submissies dat die appellante skuldig bevind moes word aan aanranding gewoon en nie aan aanranding met die opset om ernstig te beseer nie.

12. Hy het ook tydens sy argument die volgende submissies gemaak:

12.1. Dat die staat nie daarin geslaag het om te bewys dat die appellante die opset gehad het om die klaers ernstig te beseer nie.

12.2. Hy het ons verwys na die beserings wat die klaers opgedoen het tydens die aanranding. Maxim Strauss, volgens die J88, het die volgende beserings opgedoen, naamlik 'n geswelde lip, 'n laserasie van die lip en 'n kneusing aan sy voorkop. Vollmer het 'n laserasie aan die wang gehad, kneusings aan beide temporale gebiede, krapmerke oor die ribbes en swelling aan die linker knie.

12.3. Hy het ook aangevoer dat die klaer se weergawes van die beserings wat hulle opgedoen het nie versoenbaar is met die inhoud van die onderskeie mediese verslae nie. Omdat beide klaers eers 'n dag of twee na die voorval 'n geneesheer besoek het dui dit ook daarop dat die beserings nie so ernstig van aard was nie.

13. Hy het ons ook verwys na die skrywer Snyman se boek, Strafreg, vir die toets wat ons in ag moet neem om te besluit of dit gewone aanranding is of aanranding met opset om ernstig te beseer. Op bladsy 439 van sy boek Strafreg, die 5de uitgawe, sê Snyman dat dit 'n feitlike vraag is of 'n persoon werklik die opset gehad het om ernstig te beseer. Die faktore wat in aanmerking geneem moet word is die aard van die wapen of instrument wat gebruik is en die manier waarop dit gebruik is, die mate van geweld wat aangewend is en hoe dit aangewend is, die deel van die liggaam

waarop dit gebruik is en die aard van die beserings wat werklik opgedoen is.

14. Hy het ons ook aangemoedig om in ag te neem dat die klaers sowel as die appellante gedrink het die aand van die voorval. Hy het betoog dat die appellante baie gedrink het en die submissie gemaak dat hulle inhibisies tot 'n groot mate deur drank beïnvloed sou gewees het die aand van die voorval.

15. As 'n mens na die rekord kyk blyk dit dat die klaers en die appellante die aand gedrink het. Wat nie duidelik is nie, is presies hoeveel die appellante gedrink het nie.

16. Potgieter in sy getuienis op bladsy 73 en 74 erken dat hulle die aand gekuier het by die eerste appellant se drinkplek maar kon nie werklik sê of hulle 10 biere elk gedrink het nie. Wat hy wel toegee is dat die ander appellante heel reg gelyk het en dit is hoekom hy die vyfde appellant, Jacobs, toegelaat het om sy ma se voertuig te bestuur.

17. Stander, die derde appellant, getuig op bladsy 144 dat hulle almal saam gekuier het behalwe beskuldigde een, naamlik die eerste appellant. In sy getuienis sê hy dat tussen hulle, hulle 10 biere gedrink het vanaf 8 uur of 9 uur in die aand tot na middernag.

18. Die vyfde appellant De Wet Jacobs stem nie saam met die ander appellante dat hy 10 biere gedrink het nie. Hy sê op bladsy 160/161 van die rekord dat alhoewel hy gedrink het was hy by sy "*volle positiewe*". Hy sê dat hy minder as 10 biere gedrink het

want hy was die bestuurder en hulle het gekuier vanaf 8 of 9 uur in die aand tot die tyd van die voorval.

19. Dit blyk dat alhoewel die appellante daardie aand gedrink het was dit oor 'n lang tydperk gewees het. Alhoewel drank 'n invloed gehad het, kon dit in die hof se mening nie so 'n groot impak gehad het oor hulle inhibisies as wat Mnr Nel wil voorgee nie. Die appellante wat getuig het, het getuig dat hulle heel reg was en dit blyk dat drank nie so 'n groot invloed op hulle inhibisies gehad het nie.

20. Die ander probleem waarmee die Hof sit is die feit dat die eerste en die vierde appellante nie getuig het nie. Ons moet dan steun op die getuienis van die ander appellante en veral die getuienis dat die eerste appellant nie met hulle gekuier het nie. Ons moet ook in ag neem die feit dat die eerste appellant nie die voorval by die Spar gesien het nie, en eers na die voorval begin het by die Aggenbach garage aangekom het. Dit blyk van die getuienis dat hy nie eers gevra het wat aangaan nie maar sommer net ingespring het en die klaer, Vollmer, aangerand het.

21. As 'n mens na Potgieter se getuienis kyk gee hy toe dat nie een van die klaers 'n aanval geloods het teen die eerste appellant en ook dat Vollmer sy bewussyn verloor het. Hy maak ook melding van die feit dat die hou wat die eerste appellant op Vollmer toegedien het 'n geweldadige hou was. Sien in hierdie verband bladsy 103 en 104 van die rekord.

22. Mnr Nel het geargumenteer dat as ons die eerste appellant se betrokkenheid by die voorval oorweeg, moet ons in ag neem dat hy eers na die aanranding begin het aangekom en nie die

aanstigter was nie. Die eerste appellant het eers op die toneel opgedaag nadat die eerste vuishou geslaan was. Dit is weens die rede dat hy argumenteer dat die eerste appellant nie so moreel verantwoordelik vir die voorval is as die tweede tot vyfde appellante nie.

23. Mnr Barnard namens die staat, het geargumenteer dat die verhoorhof korrek was om die appellante skuldig te bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy steun op die volgende feite vir die submissie naamlik:

23.1. Dat die klaers elkeen deur meer as een appellant aangerand is.

23.2. Dat die klaers met vuiste geslaan was, geskop was en die een klaer se kop is teen die muur gekap.

23.3. Dat die aanranding nie net vir 'n paar sekondes geduur het nie maar dat dit 'n aanhoudende aanval was.

23.4. Dat die klaers se beserings ernstig is en die voorval het plaasgevind voor ander persone naamlik die petroljoggies by die garage. Hy argumenteer dat die appellante nie eers bekommerd was dat daar getuies sou gewees het tot die voorval nie.

23.5. Die appellante het aangehou met die aanranding alhoewel hulle aangespreek was deur die getuie Ruiters.

23.6. Alhoewel hulle gedrink het argumenteer hy dat drank nie so groot 'n rol gespeel het met die aanranding nie.

23.7. Vollmer is platgeslaan met die vuis deur die eerste appellant en dan het die tweede en vierde appellant bygekom. Hy is geskop en hy het sy bewussyn verloor. Hy sê ook dat Vollmer die besering van die geswelde knie kon opgedoen het toe die appellante hom geskop het. Hy meld ook dat indien 'n mens kyk na die beserings wat deur die klaers opgedoen was het hierdie aanranding nie net 'n paar sekondes geduur nie.

24. As ons die getuienis van die staatsgetuies benader dan is die volgende opvallend:-

24.1. Maxim Strauss getuig dat hy deur die derde en vyfde appellante uit die voertuig getrek is en aanhoudend in die gesig deur hulle geslaan is. Die derde appellant het sy kop teen die muur gekap. Vollmer is deur die eerste, tweede en vierde appellante geslaan en geskop.

24.2. Vaughn Vollmer staaf Strauss se getuines dat hy uit die voertuig deur die derde en vyfde appelllante getrek was en met die vuis in die gesig geslaan is. Vollmer bevesig dat hy self is deur die eerste appellant in die gesig geslaan met die vuis, en die tweede en vierde appellante het ook bygekom en hom geslaan.

24.3. Ruiters getuig dat appellante vier en vyf vir Vollmer uit die voertuig getrek het en beide hom geklap het. Die eerste appellant het hom plat getrek sodat sy kop teen die grond kap. Hy het hom ook geskop en op hom gespuug. Strauss is daarna deur die eerste appellant uit die voertuig getrek, opgelig en sy kop is teen die muur gekap. Sy getuig dat die eerste, tweede en derde appellante hom redelik lank in die gesig geslaan het.

24.4.Faber getuig dat Vollmer deur die eerste, tweede en vierde appellante geskop is nadat hy bewusteloos was en dat die eerste appellant hom nog geskop het toe hy oppad na sy bakkie was. Die derde en vyfde appellante het Strauss teen die muur gegooi en die vyfde appellant het sy kop teen die muur geslaan.

25. Alhoewel daar weersprekings in hulle getuienis was, is die hof van mening dat as daar gekyk word na die toets wat toegepas moet word en die feite van die saak, dan is hierdie weersprekings nie wesenlik nie.

26. As daar in geheel gekyk word na die omstandighede van hierdie voorval is dit duidelik dat dit 'n gewelddadige, voortgesette aanranding was wat nie van korte duur was nie. Ruiters se getuienis is dat haar kollega Faber haar wakker gemaak het toe die aanranding plaasgevind het en Ruiters het ook nog die geleentheid gehad om die aanranding waar te neem. Die beserings wat die klaers opgedoen het, alhoewel nie lewensgevaarlik nie is wel ernstig van aard. Dit is opvallend dat die meeste van die geweld gerig was op die sensitiewe kop area van die klaers. As 'n mens kyk na die eerste appellant is dit duidelik dat hy nie die voorafgaande voorval by die Spar sien plaasvind het nie maar toe hy by die garage aankom het hy maar net ingespring en die klaers begin aanrand. Hy het nie eers gevra hoekom daar 'n geveg plaasvind of wat gebeur het voordat die voorval plaasgevind het nie. Hy het ook nie probeer om die aanranding te stop nie maar hy het sommer net ingespring en die klaers ook aangerand. Die Hof is ook van mening dat alhoewel drank 'n rol gespeel het dat die appellante nie daarop kan steun om te sê dat hulle inhibisies so sterk

geaffekteer was deur die drank dat hulle nie die opset kon vorm om die klaers ernstig te beseer nie.

27. Die Hof is van mening dat die skuldigbevindings aan aanranding met die opset om ernstig te beseer moet staan.

**VONNIS**

28. Mnr Nel het argumenteer dat die verhoor landdros nie die persoonlike omstandighede van die eerste appellant genoegsaam en behoorlik in ag geneem het nie. Die eerste appellant was 30 jaar oud tydens vonnisoplegging, ongetroud en het sy eie besigheid bedryf. Verder dat alhoewel die eerste appellant 'n vorige veroordeling gehad het vir aanranding met opset om ernstig te beseer, het dit in 2000 plaasgevind en hy het uit die moeilikheid gebly vir amper 8 jaar voordat die voorval plaasgevind het. Hy sê dat die verhoorhof moes oorweging geskenk het aan 'n alternatiewe vonnis in plaas van direkte gevangenisstraf. Hy voer aan dat 'n gepaste vonnis in die omstandighede van hierdie saak gevangenisstraf van 9 maande is wat in geheel opgeskort word.

29. Mnr Barnard gee toe dat die vonnis ongepas is en voer aan dat die eerste appellant gunstige persoonlike omstandighede het wat nie behoorlik deur die verhoorhof in ag geneem is nie.

30. Met betrekking tot die vonnis sê hy dat die verhoorhof oorweging moes geskenk het aan óf korrektiewe toesig óf 'n stywe boetevonnis tesame met gevangenisstraf wat opgeskort was.

31. Met betrekking tot die vonnis stem die Hof saam dat die direkte gevangenisstraf van 6 maande wat opgelê was deur die verhoorhof swaar is. Dit blyk dat die verhoorhof nie oorweging geskenk het aan alternatiewe vonnisopsies nie. As 'n mens die persoonlike omstandighede van die eerste appellant in ag neem dan moes die verhoorhof 'n alternatiewe vonnis geoorweeg het.

32. In die **S v Bergh** 2006 (2) SACR 225 (NPD) op bladsy 235 e het die hof uiteen gesit wat die wetgewer in gedagte gehad het met die inwerking van korrektiewe toesig as 'n vonnis opsie "*The Legislature has, by the introduction of correctional supervision as a sentencing option, distinguished between two types of offender: those who ought to be removed from society by means of imprisonment, and those who, although deserving of punishment, should not be so removed from society*."

33. Die Hof is van mening dat Mnr Barnard korrek is dat korrektiewe toesig ook oorweeg moes word deur die verhoorhof en dit is vir hierdie rede dat die Hof van mening is dat dit gepas is dat die saak terugverwys moet word na die verhoorhof om vonnis te oorweeg in terme van artikel 276 (1)(h) van die Strafproses Wet 51 van 1977 en 'n korrektiewe toesigverslag te bekom. Die eerste appellant is na ons mening nie noodwendig 'n persoon wat uit die samelewing verwyder behoort te word nie.

34. Die volgende bevel word hierin gemaak:

34.1.**Die appèl teen die skuldigbevindings word van die hand gewys.**

34.2.**Die vonnis die eerste appellant opgelê word tersyde gestel. Die saak word terugverwys na die verhoorhof om vonnis te heroorweeg nadat 'n verslag in terme van artikel 276 A (1)(a) van die Strafproses Wet 51 van 1977 voor die verhoorhof gedien het vir oorweging om die eerste appellant te vonnis in terms van artikel 276(1)(h) van bogenoemde wet.**

**J I HENRIQUES**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam:

**C C WILLIAMS**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| Nms Appellante: | Adv J Nel |
| In opdrag van: | Haarhoffs Ing., KIMBERLEY |
| | |
| Nms Respondent: | Adv Barnard |
| Namens: | Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY |